



Ter wille van die huis van die HERE ...

Teks vir die preek:

“Ter wille van die huis van die HERE onse God wil ek die goeie vir jou soek”.

Psalm 122:9

B Smit

© 2011

www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Ps 122:1-2
3. Wetslesing
4. Sing Ps 48:1, 4, 5
5. Gebed
6. Skriflesing en teks: Psalm 122, Psalm 122:9
7. Preek
8. Sing Ps 84:1, 3, 4
9. Gebed
10. Kollekte
11. Sing Skr 45:1, 2, 9, 12
12. Seën

Broeders en susters in ons Here Jesus Christus,

Soek deur opregte reformasie die beste vir die Kerk van die Here.

Wie eerlik is en nog erns het met die kerk van die Here, kan nie ontken dat mense se gesindheid teenoor die kerk oor die algemeen erg negatief is nie.

- Die kerk het vasgeval in tradisie;
- Die kerk spreek nie meer tot die mens van vandag nie;
- Die kerk vergeet sy jongmense;
- Die kerk het geen invloed meer op die samelewing nie en daarom ook nie bestaansreg nie;
- Selfs, die kerk is net 'n klomp skynheiliges.

Dit en nog veel erger dinge is die deursnee mens van ons dag se siening oor ons, die kerk van die Here. Uitsprake wat gelowiges, mense wat wel nog omgee en erns het met die kerk, omkrap en seer maak. Die gesindheid wat daaruit spreek is immers een van ernstige verwydering en misnoë en selfs van afkeur teenoor die kerk van die Here wat vir ons kosbaar is. So 'n gesindheid, voel mens, mag daar tog nie bestaan nie.

By die digter van Ps. 122, hoor mens 'n totaal ander gesindheid teenoor die kerk van die Here. Wanneer hy hoor dat hy Jerusalem weer gaan sien, is daar blydskap in sy hart. En wanneer hy saam met sy mede-pelgrims die stad binnekom, jubel hy uit verwondering oor haar skoonheid. Hy sing lofsange wat oorgaan in gebed vir die stad en haar inwoners.

En nou kan mens seker wonder of daar so 'n direkte lyn getrek mag word tussen Jerusalem en die kerk van vandag, maar daar is wel 'n verband. Jerusalem is die Godstad; daar waar die regering van God oor sy volk en sy teenwoordigheid by sy volk sigbaar word. Jerusalem is die plek waar Hy sy volk ontmoet het. En al hierdie dinge geld tog ook vir die kerk. Dis juis oor sy kerk, sy eiendomsvolk, of kinders, waar God se regering en teenwoordigheid sigbaar word.

Hy is wel alomteenwoordig, maar dis wanneer die gelowiges byeenkom, wat God hulle ontmoet as sy volk en in hulle midde teenwoordig is. Kom ons let dan nou eers op die regte gesindheid teenoor Jerusalem en die kerk; voordat ons verder ook kyk hoe ons die

goeie vir die kerk kan en moet soek. Die regte gesindheid teenoor die kerk van die Here, blyk uit die blydschap van die Psalmdigter. Die vooruitsig dat hy kan optrek na Jerusalem en God daar kan gaan ontmoet, vervul hom met vreugde.

En broeders en susters, vir ons wat 'n hanetreetjie van die kerkgebou af woon, binne enkele minute daar kan uitkom en elke Sondag geleentheid het om daar eredienste by te woon, is die diepe vreugde moeilik verstaanbaar. Sien die vreugde egter teen die agtergrond van daardie tyd waar mense die lang uitputtende reis na die tempel een of hoogstens twee maal per jaar kon aanpak. Dis eers wanneer die ontmoeting met God nie meer so vanselfsprekend is nie, wat mens die wonder en die vreugde daarvan besef. Vra maar vir bejaardes wat nie meer so maklik, of selfs glad nie by die kerk kan kom nie, en u sal by hulle die diep verlange hoor om weer die voorreg te beleef. Ja, hierdie ware blydschap van die digter hoor mens nog by sulkes wanneer hulle weer die vreugde beleef dat hulle kan opgaan na die Here se huis.

Maar die blydschap van die digter eindig nie in die vooruitsig om op te gaan nie. Wanneer hy en sy geselskap uiteindelik na die lang en uitputtende pelgrimstog in die stad staan, borrel hy oor van vreugde en blydschap. Dan verlustig hy hom in die mooie van die stad. Die wyse waarop Jerusalem gebou is, sodat dit 'n eenheid vorm wat goed saamgevoeg is; die gevoel van veiligheid en geborgenheid wat hy daar ervaar in die Godstad; die eenheid wat bestaan rondom die altaar en die lof wat opklink onder die volksgenote uit verskillende stamme en uithoeke van die land; die reg van die Here wat daar uitgeoefen word; dit alles vervul hom met vreugde en verwondering.

En nou dwing hierdie vreugde ons elkeen tot selfondersoek oor ons eie emosies en gesindheid wanneer ons opkom na die erediens. Is dit wat die digter ervaar wel nog waar van ons? Is daar nog blydschap by die gedagte dat ek die erediens kan beleef saam met my mede-gelowiges? Met hulle almal kan opkom om God te ontmoet in 'n feestelike samekoms? En borrel dit van daardie vreugde wel oor in ons sang en aanbidding wanneer ons hier saam is?

Of is die waarheid dalk eerder: 'n Weersin in die gedagte dat ek al weer moet kerk toe gaan; opsien om weer in die of daardie se gesig te moet vaskyk; 'n soek na verskonings om nie daarby uit te kom nie; en wanneer ek wel met sleepvoete en onwilligheid in my hart hier is, moeg gejaag en gesukkel om almal gereed te kry in die bank inskuif, is dit sonder

enige vreugde. Die gewoel van die oggend en die gejaag van die week het my gelaat met 'n onrus en onvergenoegdheid wat selfs hier nie onder bedwang gebring word nie. Sonder blydschap in die hart. Geen jubelsange oor die skoonheid van die ontmoetingsplek; en die lof en gebed vir die kerk en die mede-gelowiges ontbreek totaal in ons hart.

Ja, ons ken dit almal. Ons kom wel, maar dis al te dikwels uit gewoonte of bygelowigheid. Die vraag is egter hoe om dan uit te kom by die regte gesindheid. Waar kom die vreugde van die digter vandaan?

Broeders en susters, en nou is dit duidelik uit die Psalm: die digter se vreugde is nie as gevolg van Jerusalem, die stad van God nie, maar as gevolg van die God van Jerusalem. Vreugde daarom nie as gevolg van die kerk van die Here nie, maar as gevolg van die Here van die kerk. Die hoofsaak vir die digter is die Here wat hy gaan ontmoet in die stad en die verbondsverhouding wat daar tussen hulle bestaan. Daarom gebruik hy ook deurgaans die verbondsnaam van die Here. Hy gaan om Jahwe, die God wat met hom 'n verbond het, met wie hy dag vir dag in 'n verbondsverhouding leef, te ontmoet.

Dis die stamme van hierdie Verbondsgod wat mekaar daar by die altaar ontmoet en in hulle geloof en dankbaarheid een word. Dit is daarom in die lig van hierdie verbondsverhouding wat hy so positief praat en jubel oor die stad. In die lig van sy verhouding met die Here, sien hy die stad in totaal 'n ander lig. Sien hy verby die skeure en krake, die andersheid van die ander stamme, alleen die skoonheid van die stad en haar inwoners raak.

Toegepas op onself: wanneer ons na die kerk kyk vanuit menslike hoek, is dit wel moontlik om daarmee allerlei probleme te vind. Jy kan jousef blind staar teen die foute en die tekorte van mense. Maar as jy na hulle begin kyk as mede-erfgename van God se genade, as mense vir wie Jesus Christus sy lewe afgelê het, verdwyn al hierdie dinge uit die oog. Dan weet jy, hulle is net soos ek deur God se genade gered en is nog steeds, ten spyte van alle sonde en tekorte in hulle en in jousef, begenadigdes van die Here. En as Hy hulle aangeneem het as sy eiendom, wie is jy om hulle af te keur of toe te laat dat hulle jou teen die bors stuit.

As jy na die erediens begin kyk nie as 'n menslike byeenkoms nie, 'n gebeurtenis waar dit gaan oor die kwaliteit van die vermaak nie, maar as die ontmoeting tussen God en sy volk,

kry die erediens en bywoning daarvan 'n totaal nuwe inhoud. Dan kan jy jousef ook nie langer losmaak van die ander erediens-gangers en van wat in die erediens gebeur nie.

Want dan is dit nie langer ek en hulle nie, maar ons as die gemeenskap van mense wat versoen is met God deur die verdienste van Jesus Christus. Ek en my medebegenadigdes, wat saam opgekom het om die Here te ontmoet. Dan kom die besef tot ons elkeen; ek staan nie buite of teenoor die kerk nie, want ek is die kerk. God het my deur sy genade deel gemaak van die kerk.

Maar broeders en susters, laat ons nou in die tweede plek ook gaan seker maak hoe iemand met hierdie regte gesindheid van vereenselwiging met die kerk, die goeie daarvoor moet soek. Wie hom- of haarself sien as deel van die kerkvolk van die Here, kan nie langer negatief wees oor die kerk nie. Kan nie langer die kerk afskryf, of beskinder, of minag met die gesindheid van die wêreld nie. En dit is jammer om te hoor hoeveel negatieweiteit daar juis uit die mond van gelowiges opborrel teenoor die kerk. Dat mense selfs nie huiwer om die kerk dood te verklaar nie. Dit terwyl die kerk die werk van God is en Hy die versekering aan die kerk gegee het dat die poorte van die doderyk haar nooit sal oorweldig nie. Wees daarom in u oordeel oor die kerk versigtig, broeder en suster, dat u nie uself oordeel nie. Ons is die kerk, en solank daar mense is wat deur God begenadig is met geloof, solank Hy die verbond met sy volk in stand hou, (die ewige verbond in Jesus Christus) is die kerk se bestaan vas en seker.

Beteken die beëindiging van negatieweiteit teenoor die kerk egter dat ons houding teenoor die kerk neutraal moet wees? Dat ons maar liever oë moet toeknyf vir die dwalinge en foute van die kerk en moet voorgee dat alles reg is, terwyl ons die sonde raaksien? Nee, verseker nie. Dis ook nie die gesindheid wat van gelowiges vereis word nie. Juis omdat ons die Here liefhet, kan ons nooit vrede maak daarmee dat die wil van die Here geminag word nie. Veral dan as dit deur sy eiendomsvolk gebeur. Daarom moet ons op die regte wyse hulle wat die kerk met 'n sondige leefwyse afbreek, teëgaan en tereg wys. Ons verset teen dwalinge en ontrou teenoor die wil van die Here. En as die weg van vermaning van mekaar geen bekering tot gevolg het nie, moet afsnyding uit die gemeenskap uiteindelik volg.

En onself nou broeders en susters? Om negatief voortdurend maar die foute van ander raak te sien en te bestry kan tog nie genoeg wees nie. Hoe moet ons ook positief die goeie

vir die kerk soek? Deur ons eie gehoorsaamheid. Nie gehoorsaamheid aan mense en hulle gedagtes nie, maar gehoorsaamheid aan die voorskrifte van die Here. Dit is tog wat die digter van hierdie Psalm ook sê: Elke gelowige wat hom of haar volledig vereenselwig met die Here van die kerk, uit genade met Hom versoen is, soek die goeie vir die kerk. En die goeie volgens Psalm 122 is ware vrede. Die vernuwing en verandering van die kerk se verhouding met die Here. Die voortdurende omvorming van daardie verhouding, sodat ons wat sy genade ontvang het, ook meer en meer daaruit kan lewe. As hier daarom gepraat word van vrede, gaan dit nie maar oor die afwesigheid van stryd nie. Nee, vrede is die beleving van die eenheid wat kom tussen gelowiges op grond van hulle band met die Here. Dis 'n besef van geborgenheid en veiligheid wat beleef moet word binne die gemeenskap van die heiliges. Dit is ervaring van die rus wat God gebring het in hulle lewe. Dit is ook uitlewing van Christus se reg teenoor mede-gelowiges en elke ander mens. Dis waarna gelowiges moet soek. Dis die vrede wat hulle moet begeer en moet beleef as deel van die kerk. Daarom moet ons onself vir hierdie vrede beywer in die eerste plek deur gebed. Soos die Psalmdigter in die laaste verse van die Psalm, by die Here intree vir die vrede van sy kerk. Bid dat ons elkeen die innerlike vrede sal beleef wat mense se verstand te bowe gaan.

En by bid mag dit nie bly nie. Die gelowige wat sy of haar eenheid met die Here en sy kerk opnuut leer ken en beleef, sal daarby betrokke raak. Begin om jouself in te span om die eenheid en die veiligheid en die rus en die reg van Christus, ook vir ander te verseker. Om dit wat jou vervreem van mede-gelowiges op te klaar en uit die weg te ruim. Om deur jou selfverloëning en opoffering elkeen iets te laat beleef van die veiligheid en die geborgenheid van 'n geloofsgemeenskap. Om uit liefde reg te doen aan ander mense soos Christus wil. Om ander daarom die rus te laat ervaar van die Godstad.

Daarvoor moet ons ons beywer. Daarmee moet ons besig wees. Broeders en susters, die goeie nuus, die evangelieboodskap van hierdie verse is dat ons, elkeen van ons wat opreg glo, deur God se genade deel gemaak is van hierdie stad. Ons kan daarom die vrede nou reeds beleef. Ons is deel van die verbondsvolk en die kerk van die Here. Dit gee Hy aan ons deur die geloof in Christus. Gratis sonder om enige toegang van ons te vra.

Maak jy dan uit dankbaarheid vir hierdie onbeskryflike genade, die vrede binne sy kerk sigbaar. Begin daarmee in eie kring. In jou huis en gesin en familie en elkeen wat die Here op jou pad bring. Dan beleef jy ook al meer die vreugde in die kerk. Vereenselwig jou met

die Here en sy volk, dan sal die goeie vir die kerk ook hoofsaak word in jou lewe. Daarin lê ons hervormingstaak. Om weer die vreugde van kerkwees terug te bring en te beleef.

Amen.